



# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
of South West Africa.

Published by Authority.

—  
BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeef op gesag.

---

1/-      Monday, 1st April, 1935.      WINDHOEK      Maandag, 1 April 1935.      No. 604

---

The following Draft Ordinance which will be introduced during the First Session of the Third Legislative Assembly is published for general information.

F. P. COURTNEY CLARKE,  
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

Die volgende Ontwerpordonnansie, wat gedurende die Eerste Sessie van die Derde Wetgewende Vergadering voorgelê sal word, word vir algemene informasie gepubliseer.

F. P. COURTNEY CLARKE,  
*Sekretaris vir Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

Cattle Improvement Ordinance Amendment Ordinance,  
1935 . . . . . Page 9331

Beesteverbeterings-Wysigingsordonnansie 1935 . . . . . Bladsy 9331

## DRAFT ORDINANCE

To amend the law relating to the improvement of cattle.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance the expression "the principal Ordinance" means the Cattle Improvement Ordinance, 1930 (Ordinance No. 10 of 1930).

2. Section *three* of the principal Ordinance is hereby repealed, and the following new section substituted therefor:—

"3. (1) From and after a date fixed by the Proclamation declaring any district or area a cattle improvement area, such date being not less than twelve months and not more than eighteen months later than the date on which that Proclamation takes effect, it shall not be lawful to keep in or introduce into such district or area any bull over twelve months of age unless such bull has been previously inspected and approved for purposes of the breeding of cattle by a board consisting of a Government Veterinary Officer and two other persons appointed for the purpose by the Administrator.

(2) The Administrator may appoint more than one board for any cattle improvement area.

(3) The members of the said board shall be appointed for periods fixed by the Administrator.

(4) In appointing the members of the said board, other than the member who is a Government Veterinary Officer, the Administrator shall have due regard in the case of the first appointment after the issue of any such proclamation, to any recommendation made by the persons voting at the meeting referred to in section *two* and, in the case of subsequent appointments, to the recommendations made by the Magistrate of the district after consultation with such persons and bodies as he considers representative of the cattle farmers of the district or area.

(5) Any member may resign by writing addressed to the Magistrate of the district, and all members shall be subject to removal by the Administrator.

(6) The said board may recommend that the owner of any bull, which is not approved on inspection for purposes of the breeding of cattle, should receive assistance from the Administration of the Territory by way of loan or otherwise, if satisfied that the said owner is not financially in a position to purchase another suitable bull. Such owner may then be assisted in terms of the board's recommendation.

(7) Any person contravening the provisions of this section shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds or in default of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding three months."

3. Section *six* of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion of the words "the South African Studbook Association" occurring in paragraph (a) thereof, and the substitution therefor of the words "a society approved by the Administrator."

4. Section *seven* of the principal Ordinance is hereby repealed, and the following new section substituted therefor:—

"Exemption.

7. The provisions of sections *three*, *four* and *five* shall not apply in respect of any bull the pedigree of which has been registered with a society approved by the Administrator, and which, in accordance with regulations made under section *six*, bears a brand or other mark which indicates that his pedigree has been so registered."

5. This Ordinance may be cited as the Cattle Improvement Ordinance Amendment Ordinance, 1935.

## ONTWERPORDONNANSIE

Om die wet betreffende die verbetering van vee te wysig.

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika as volg:—

1. In hierdie Ordonnansie beteken die uitdrukking "die hoofordonnansie" die Beesteverbeterings-Ordonnansie 1930 (Ordonnansie No. 10 van 1930).

2. Artikel *drie* van die hoofordonnansie word hierby herroep en deur die volgende nuwe artikel vervang:—

"3. (1) Vanaf en na 'n datum vasgestel deur die proklamasie waarin enige distrik of gebied as 'n beesteverbeteringsgebied verklaar word, synde sodanige datum nie minder as twaalf maande nie en nie meer as agtien maande nie later as die datum waarop daardie proklamasie in werking tree, sal dit nie wettig wees om enige bul bo die ouderdom van twaalf maande in sodanige distrik of gebied aan te hou of in te voer nie, tensy sodanige bul vooraf deur 'n raad, bestaande uit 'n Goewerments-veearts en twee ander persone vir dié doel deur die Administrateur benoem, geïnspekteer en vir die doeleinde van veeteelt goedgekeur is.

(2) Die Administrateur mag meer as een raad vir enige beesteverbeteringsgebied aanstel.

(3) Die lede van die voormelde raad moet aangestel word vir tydperke deur die Administrateur bepaal.

(4) By die aanstelling van die lede van die voormelde raad, ander dan die lid wat 'n Goewermentsveearts is, moet die Administrateur, in die geval van die eerste aanstelling na die uitreiking van enige sodanige proklamasie, behoorlike aanmerking neem van enige aanbeveling gedoen deur die persone wat op die vergadering in artikel *twee* genoem stem, en in die geval van later aanstellinge, van die aanbevelinge deur die magistraat van die distrik na raadpleging met sodanige persone en liggeme wat hy as verteenwoordigers van die veeboere van die distrik of gebied beskou.

(5) Enige lid mag deur 'n geskrif aan die magistraat van die distrik gerig bedank, en alle lede is onderhewig aan verwydering deur die Administrateur.

(6) Die voormelde raad mag aanbevel dat die eienaar van enige bul wat na inspeksie nie vir die doeleinde van veeteelt goedgekeur is nie, ondersteuning van die Administrasie van die Gebied by wyse van lening of andersins behoort te kry, as hy oortuig is dat die voormelde eienaar finansiëel nie in 'n posisie is om 'n ander geskikte bul te koop nie. Sodanige eienaar kan dan ooreenkomstig die raad se aanbeveling ondersteun word.

(7) Enige persoon wat die voorsiening van hierdie artikel oortree, is skuldig aan 'n misdryf en staan na skuldigebevinding bloot aan 'n boete van hoogstens vyftig pond of, by wanbetaling, aan gevangenisstraf met of sonder harde-arbeid vir 'n tydperk van hoogstens drie maande."

3. Artikel *ses* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur skraping van die woorde "De Zuid-Afrikaanse Stamboekvereniging" wat in paragraaf (a) daarvan voorkom, en deur dié vervanging daarvan deur die woorde "n vereniging deur die Administrateur goedgekeur".

4. Artikel *sewe* van die hoofordonnansie word hierby herroep en vervang deur dié volgende nuwe artikel:—

"Vrystelling.

7. Die voorsiening van artikels *drie*, *vier* en *vyf* het geen toepassing ten opsigte van enige bul nie wie se stamboom by 'n vereniging deur die Administrateur goedgekeur geregistreer is, en wat ooreenkomstig regulasies kragtens artikel *ses* uitgevaardig, 'n brandmerk of ander merk dra wat aandui dat sy stamboom aldus geregistreer is."

5. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Beesteverbeterings-Wysigingsordonnansie 1935.